

# BULT

Maart 2007 Jaargang 55, Nr.1



Universiteit van die Vrystaat  
University of the Free State  
Yunivesithi Ya Freistata

Nuusydskrif van die Universiteit van die Vrystaat  
News magazine of the University of the Free State

Place your  
logo here

When you invest in the  
University of the Free State, you're investing  
in the future of South Africa.

As one of the most progressive  
universities in the country, we recognize the  
potential for growth that lies within each of  
our students, and know that with your support,  
we can help them realize it.

Be part of our nation's transformation and help  
mould the future leaders of South Africa.



**UNIVERSITY OF THE FREE STATE • UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • YUNIVESITHI YA FREISTATA**

P O Box 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000

E-mail: [info.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:info.stg@mail.uovs.ac.za) • [www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za)



Redakteur / Editor:

**Leatitia Pienaar**

Tel: +27 51 401 9188

Faks / fax: +27 051 444 6393

Pienaarajl.stg@mail.uovs.ac.za

UV-webblad / UFS Website:

[www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za)

Produksie / Production

Uitleg / Layout

**Chrysalis Advertising and Publishing,  
Bloemfontein**

082 728 4860

[armand@bfn.co.za](mailto:armand@bfn.co.za)

Drukwerk / Printing

**PrintAbility,  
Pinetown**

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. Bult word onder oudstudee, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kowsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Bult, news magazine of the University of the Free State, is published by the Division: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Division or the UFS. Bult is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kowsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

Adresveranderinge /  
Address changes

Stuur besonderhede aan /  
Send details to: **Dawid Kriel**

Posbus / P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Tel: +27 51 401 3409

Faks / fax: +27 51 444 6391

[Dawid.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:Dawid.stg@mail.uovs.ac.za)

# BULT

## inhoud

Maart 2007 Jaargang 55 nr 1

### Nuus/News

- 4 Charter will take UFS to 'the promised land'
- 6 Bekendstelling was oomblik om te onthou
- 12 Navorsing in Okavango nie net 'n werk nie, maar 'n leefwyse
- 14 Folktales not only stories
- 16 Vertaling van Latynse werk kan nuwe insigte bring
- 17 UV help om taalregte te monitor
- 20 UV word mekka vir nasionale sport
- 22 UFS a frontrunner in education for disabled students

### Monitor

- 15 Many interested in governance programme
- 15 Geld gekry om jong navorsers te slyp
- 19 Attend workshop in Sri Lanka
- 19 Dié uitgawe van geografie-tydskrif 'n eerste
- 30 Studente reik uit na gemeenskap

### Our corporate friends

- 25 Join us for the 3rd Amazing Rainbow Rally
- 26 Sakevroue beïndruk met UV

### Alumni

- 29 Universities have a role to play
- 31 Khayalami Residence celebrates ten years
- 31 Gholfdag in welkom gehou

### Rubrieke/Columns

- 2 Briewe
- 3 Herinneringe
- 24 Opregte medelye met die afsterwe van ons vriende en kolegas
- 32 Blou Willem

Voorblad

Karma Harvey met die boek voor die hoofgebou.  
Foto: Gerhard Louw



The Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie, launched a draft Institutional Charter that will take the University of the Free State to a “promised land” where all members of the university – black and white, male and female, of whatever language, religious, cultural or economic background as well as people with disabilities – have a sense of belonging to the institution.

The charter commits the university to meeting the challenges of a transforming higher education institution in a developing society, in particular the challenges of nation-building, reconciliation, redress, non-racialism and non-sexism – and ultimately normalisation – within a high-quality academic institution. The charter will enhance and accelerate the ongoing transformation of the University of the Free State.

The charter is simultaneously an indication of what the end destination will look like and it is also a roadmap on how to get there. Read more about this on page 4.

*The launch of the history book – From Grey to Gold: The history of the first hundred years of the University of the Free State – was also a memorable event. The book captures the existence of the UFS since 1904 – a university established under difficult circumstances but claiming its place today in the international arena. See page 8.*

*Heather Pauas*

## Briewe

### Dink weer oor 'n oud-studenteblad

**Lydia Els, lye@weston.co.za, skryf**

Die briewekolom in die *Bult* (September-uitgawe) verwys.

Jy mag dalk dink dat ons wat nog aan die universiteit as UOVS dink, agter die klip is, maar ek sien jou e-posadres sê ook nog “uovs”.

Dit is nie moeilik vir ons om te verstaan dat *Bult* ’n nuustydskrif is nie, maar dit is skynbaar moeilik vir julle om te verstaan dat ons ’n oudstudenteblad soek. Dalk moet julle om ’n tafel gaan sit en daaraan dink dat die oudstudente se behoefte ooglopend nie ’n vervelige nuustydskrif is nie.

Ek merk ook op dat die alumni-komitees aan die transformeer is. Die dag as die donateurslyste agterin *Bult* die transformasie weerspieël, sal julle weet dat die transformasieproses voltooi en suksesvol is.

### Motors laat geen ruimte vir voetgangers

**Prof. Paul Kotze, paul.kotze@wits.ac.za, skryf:**

As oud-student en -personeel lees/sien ek graag wat op die UV-kampus gebeur. Daar word gereeld berig oor die fisiese ontwikkelinge op die kampus, veral oor die nuwe geboue wat opgerig word, die aandag wat gegee word aan die kwaliteit van die ruimtes daartussen en wat vir voetgangers gedoen word.

Die beeld wat deur publikasies soos *Bult* geskep word en die werklikheid verskil egter hemelsbreed. Groot was my verbasing toe ek met ’n onlangse besoek aan die kampus begroet word deur ’n see van nuutgeskepte motorparkeerruimtes waar daar ooglopend geen aandag aan ruimtelike kwaliteite gegee is nie.

Dit is duidelik dat die motor gewen het en dat die voetganger tweede viool speel. Dit is egter nie nodig dat dit moet

gebeur nie, sou die UV in pas kom met internasionaal aanvaarde beplanningspraktyk vir universiteite. Om hierdie ander roete te volg om die geboude-omgewing fundamenteel te verbeter en te verander sodat dit ’n werklike kwaliteit van lewe vir al die gebruikers daarvan en nie net aan motoreienaars sal verseker, sou egter beteken dat die UV minder sal moet staatmaak op kitsoplossings wat fotogeleenthede genereer en meer op die langtermynoplossings wat ’n werklike volhoubaarheid vir die universiteit in die breë en fisiese kwaliteit vir die geboude omgewing sal bewerkstellig.

Dit is jammer dat die UV so kortsigtig en buite huidige aanvaarde beplanningsdenke optree, veral in die lig daarvan dat die UV ’n gerespekteerde tersiële instelling in Suid-Afrika is en die geleentheid het om werklike leierskap in hierdie verband aan die dag te lê.

### Pajamabaadjie soek nuwe baas

**Ds. J.F. Mouton (tel 0829253959) skryf:**

Ek skryf maar in die hoop dat u kan antwoord of my na iemand kan verwys.

Ek was vanaf 1967 tot einde 1975 verbode aan die UOVS – soos ons dit destyds geken het. Eers as Admissie-student met B.A.-vakke met die oog op toelating tot die Teologiese opleiding aan die Kweekskool te Stellenbosch. Die Fakulteit Teologie aan die UOVS was nog nie gestig nie. Daarna as lektor in Semitiese Tale van 1972 tot einde 1975.

Hoe ook al, ek is nog in besit van ’n baie goeie ou UOVS-kleurbaadjie (die sogenaamde pajamabaadjie). Dit is in 1968 nuut gekoop. Ek kan die baadjie nou aantrek – maar dit het tog ’n bietjie klein geword na al die jare. Dit hang nou in my kas. Is daar nog ’n aanvraag vir die tipe ou baadjies? Sou iemand dit dalk by my wil oorneem? Ek wil nie noodwendig baie geld maak daaruit nie – maar darem ook nie verniet weggee nie. Wat sou ’n billike “prys” vir so ’n item wees?

## Uittreksel uit boek, laat dié prof terugdink


### Prof. Koos Badenhorst van Posbus 198, Haenertsburg, 0730 skryf:

Ek was aangenaam verras om in die November 2006-uitgawe van *Bult* te verneem dat M.J.G. Mashihlelo in 1978 die eerste swart student was wat klasse kon bywoon en op 22 Maart 1980 hy die eerste swart student was wat 'n graad aan die die UOVs behaal het. As sy destydse dosent en waarnemende departementshoof, het ek op op uitnodiging van Gore se ouers hierdie geskiedkundige geleentheid bygewoon.

Die aanvoerwerk vir Gore Mashihlelo het reeds in 1976 begin toe ek prof. W. van Zyl, hoof van die Departement Stad- en Streeksbeplanning, genader het met die versoek of Gore dalk nagraads en voltyds kon inskryf. Na voltooiing van sy magistergraad vertrek hy na die VSA om 'n gedeelte van sy internskap in Virginia en Kalifornië te voltooi.

Nie net was Gore die eerste swart graduandus van die UOVs nie, maar ook die eerste geregistreerde swart stad- en streeksbeplanningskonsultant in die land. Die sukses wat hierdie uitnemende student behaal het, het gedien as motivering en aansporing vir vele van my nagraadse studente aan die Universiteit van die Noorde om as stad- en streeksbeplanners, aan veral die Universiteit van Kaapstad, af te studeer.

- Prof. Badenhorst was van 1986 tot 1992 senior professor en hoof van die Departement Geografie en Streekstudies aan die Universiteit van Venda.



## 'n Kykie op die 1950's



Mnr. Phulmar Minnaar van Posbus 22108, Lyttelton 0140, het twee foto's oor studente-aktiwiteite in die 1950's gestuur.

### Vyftig jaar gelede

Die jaarlikse jooddans van die UV is in 1956 in die Van der Merwe Scholtz-saal gehou. Destyds was die gebruik dat eerstejaars tydens die geleentheid hand moes bysit. Hier is agt van die jaar se eerstejaars wat gehelp het. Van links is, voor: Philmar Minnaar, Andries Sinclair, Nols Bolton en Stef Naudé; agter: Dawid de Villiers, Jaap Steyn, Peet Viljoen, Lokkie Pretorius en Frik Groenewald.



### Nonnieswedstryd 1959

Die jaar is 1959 en die jaarlikse nonnies-wedstryd (nie-rugbyspelende studente) tussen Huis Malherbe en Vishuis vind op Pelliesspark plaas. Van links is voor: Martin Herbst, Philmar Minnaar, Wikus marais, Tok Terblance (bestuurder), Dirk Jankowitz, Johan Smidt en Manie Botha; agter: Gert Heyns, Kobus van Wyngaarden, Johan Strydom, brgemeester Nico van Rensburg, burgemeestersvrou Dorother de Buys, Dirk Meiring, Stoffel Ellis, Lokkie Pretorius, Gert Rademeyers en Jan Engelbercht.

# Charter will take 'the

The University of the Free State released a draft Institutional Charter which is intended to enhance and accelerate the ongoing transformation of the institution towards a non-racial, non-sexist future.

Speaking at the official opening of the university, Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor, said the draft Institutional Charter, was an important milestone in the transformation debate for the university and the country. "The draft charter acknowledges that black people, women and people with disabilities have been marginalised from job and developmental opportunities, within the higher education sector and at this university."

The charter commits the university to meeting the challenges of a transforming higher education institution in a developing society, in particular the challenges of nation-building, reconciliation, redress, non-racialism and non-sexism – and ultimately normalisation – within a high-quality academic institution.

Prof. Fourie said: "The draft charter says that we recognise that these have to be managed and brought into a state of balance and be harmonized if we are to produce, when the redress phase comes to an end, a 'first promised land' for all – black and white, female and male, and so forth.

"We see this intermediate outcome – the first promised land – as displaying the structural conditions for an institutional 'space' within which both fears and aspirations/expectations are moderated, within which conflict between objectives can be moderated, and which is characterized by a principled balance and symmetry between competing objectives, forces, interests and interest groups," he said.

The principles of the draft charter firmly signal the university's commitment to diversity – attaining and maintaining substantive and sufficient diversity (including multiculturalism and multilingualism) – in its quest for quality and excellence.

Prof. Fourie said the draft charter seeks to build consensus among staff and students at the UFS about the ultimate goals of transformation at a higher education institution.

The charter proposes several basic values and principles that should guide the transformation process and at the same time serve as a basis for a future, normalised university – a promised land to transform towards.

The discussion document says academic quality is intrinsically linked to transformation and it commits the university to strengthening the core competencies of research, teaching and learning as well as community service so as to ensure a robust university for future generations.


"Indeed the thousands of matriculants, black and white, who apply to study at the UFS want to study at a good university, and a good university wants to attract the best black and white students and the best black and white staff, male and female," Prof. Fourie said.

He said the draft charter also seeks to safeguard academic freedom and institutional autonomy as the foundation of critical inquiry and scholarship.

Regarding the critical issue of creating a new institutional culture, the draft charter commits the UFS to creating a sense of belonging for all members of the university – black and white, male and female, of whatever language, religious, cultural or economic background, as well as people with disabilities.



# UFS to promised land'





# Strategiese klusters baie goed ontvang

**A**s uitvloeisel van die Strategiese-kluster-inisiatief wat verlede jaar deur prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, in sy openingsrede aangekondig, is agt navorsingsnisareas aan die Nasionale Navorsingstigting (NNS) voorgelê en al agt goedgekeur, het prof. Fourie hierdie jaar met die opening gesê.

Binne die agt nisareas is 25 navorsingsvoorstelle aan die einde van 2006 voorgelê waarvan 24 suksesvol was.

Prof. Fourie sê dit beteken 'n toekening van amper R30m vanaf die NNS oor die volgende vier jaar.

Die Strategiesekluster-inisiatief is 'n strategiese inisiatief om die UV se energie en hulpbronne te fokus op 'n paar areas, om in hulle te belê sodat die UV 'n internasionale leier kan word in daardie kennisareas. Prof. Fourie sê: "Dit is noodsaaklik dat die UV geposisioneer word, in die volgende fase van sy ontwikkeling, nie slegs as 'n 'goeie' onderrig- en navorsingsuniversiteit nie, maar as 'n

instelling wat waarlik uitblink in bepaalde strategiese areas of 'klusters' van kennis (onderrig én navorsing) – terwyl ons voortgaan om stewige algemene ondersteuning te gee vir onderrig en navorsing in die vele dissiplines en terreine van deskundigheid.

" 'n Medium-grootte (of 'kleinerige groot') universiteit soos die UV, met relatief beperkte menslike en finansiële hulpbronne moet op hierdie wyse kritiese massa en sinergie kry om homself te vestig as 'n wêreldleier op die gekose terreine. (Geen universiteit kan 'n wêreldleier wees in alles nie – nie eers 'n Harvard of 'n Cambridge nie.)"

Vyf klusters is aanvanklik geïdentifiseer, naamlik: Waterbestuur in waterskaarsgebiede; nuwe terreine in armoedeverligting en volhoubare ontwikkeling; sosiale transformasie en diverse gemeenskappe; ekologiese gesonde waardekettings vir landboukommoditeite, materiaal- en nano-wetenskappe en 'n sesde een, gevorderde biomolekulêre sisteme, wat eers later geïdentifiseer is.

Binne die konteks van hierdie klusters is agt navorsingsnisareas voorgelê en 24 navorsingsvoorstelle goedgekeur. Gekoppel aan die strategiese klusters, is vyf voorstelle voorgelê binne die NNS se Navorsingsleerstoel-inisiatief (SARCHi). Al vyf hierdie voorstelle is aanvaar in die eerste ronde van beoordeling, en die suksesvolle voorstellers is genooi om volledige voorstelle voor te lê. Die UV is deur 'n ander wetenskapsraad oor die sesde navorsingsleerstoel genader. "Alhoewel die strewe na akademiese uitnemendheid nimmereindigend is, dink ek tog ons kan rapporteer dat ons op die oomblik goed vorder in ons strewe om 'n baie goeie, ja selfs uitstekende, akademiese instelling te wees vir die Vrystaat en die sentrale dele van die land. Die strategiese klusters is 'n belangrike inisiatief om ons tot hoër vlakke van prestasie te neem in terme van internasionale leierskap en die strewe om 'n wêreldklas-universiteit te wees. Die bedoeling is ook dat die klusters in hul ontplooiing betekenisvol moet bydra tot ekonomiese en sosiale ontwikkeling in die Vrystaat" het prof. Fourie gesê.





## Findings of audit panel heartening

The findings of the institutional audit panel are very heartening as it supports and validates the UFS's efforts and the progress the university has made in building a robust, high quality university, Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS, said at the opening of the UFS this year.

He referred to the Institutional Quality Audit by the Higher Education Quality Committee of the Council on Higher Education in October 2006. Their main task was to establish whether the UFS has policies and procedures in place that ensure quality in everything the university does as a university. The UFS provided the audit panel with documentary evidence of such policies and procedures which the panel duly studied.

This evidence was then tested and verified during a weeklong visit to the campus during which interviews were

conducted with hundreds of staff, students, alumni, council members, business representatives, and government officials, among others.

A comprehensive written report on the outcome of the quality audit is still to be completed by the panel. Prof. Fourie said: "However, in their verbal feedback immediately after their weeklong visit to the campus, the panel indicated that there were no serious quality risks or quality gaps in the core business of the university, namely teaching and learning, research and community service. They also complemented the university on several of its transformation initiatives, including its parallel-medium policy.

"Of course there are some areas that may require attention, but these are areas which the university is aware of and which we are attending to already – as befits a university that is serious about quality," he said.

# Bekendstelling oomblik

Die UV se geskiedenisboek – *Van Sink tot Sandsteen tot Graniet* – is op 2 Februarie 2007 luisterryk bekend gestel. Mense kon kuier oor 'n heerlike middagete met staaltjies en feite uit die geskiedenis wat tussenin deurgeveg is. Musiek uit die verskillende tydperke waarin die boek opgedeel is, het die voete behoorlik laat jeuk.

By die bekendstelling het mnr. Pieter Cox, voorsitter van Sasol, die hoofborg van die boek, het gesê Sasol en die UV strewe na uitmuntendheid en dit was dus maklik om Sasol aan die boek te koppel.

“Sasol en die UV kom al 'n lang pad saam, 57 jaar om presies te wees,” het hy gesê. “Destyds was Sasol een van die groot nywerhede in die Vrystaat en daar was 'n outomatiese pas tussen Sasol en die UV. Albei strewe na uitmuntendheid.”

Mnr. Cox het gesê die maatskappy besef dat tegnologie op die vooggrond moet wees om sy standhoudende voortbestaan te verseker. Samewerking met akademiese installings wat daarmee kan help, is dus noodsaaklik. Hy het die samewerking by die Departement Chemie as voorbeeld genoem en gesê Sasol help selfs met die betaling van sekere personeel se salarisse.

“Die aantal publikasies het vanweë die intervensie tussen Sasol en die UV aansienlik gegroei. Die aantal nagraadse studente is ook 'n riem onder die hart,” het hy gesê.


Oor die geskiedenisboek het hy gesê: “Die geskiedenisboek is 'n indrukwekkende werk. Wat uitkom is dat dit 'n universiteit van hoop is, wat nie by die probleme stilgestaan het nie. Transformasie aan die UV is 'n voorbeeld vir almal van ons.

“'n Universiteit met 25 000 studente waarvan sowat 2 000 uit die buiteland, is 'n universiteit wat staan om getel te word,” het hy gesê.

Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, het gesê dit was 'n groot proses om die boek die lig te laat sien. “Dit is belangrik om te weet waarvandaan ons kom en waarheen ons op pad is.”



# was om te onthou





# Bult nog tydskrif wat gelees word

Die vraelys in die vorige uitgawe van *Bult* het baie interessante antwoorde opgelewer. Dankie aan almal wat die moeite gedoen het om die vorm in te vul en aan te stuur.

Hier volg die resultate:

**Vraag 1:** Waar die respondente woon: Vrystaat 14%, Noord-Kaap 8%, Wes-Kaap 12%, Oos-Kaap 8%, Gauteng 40%, Namibië 6%, Mpumalanga 8%, Noordwes 4%.

**Vraag 2:** Die huistaal van die respondente: Afrikaans 90%, Engels 10%.

**Vraag 3:** Ouderdomsgroepe: 26-35: 4%; 36-45: 8%; 46-55, 56-65 en bokant 65 almal 29%.

**Vraag 4:** Geslag van die respondente: Mans 58%, vroue 52%.

**Vraag 5:** Bevolkingsgroep. Al die respondente was van die blanke bevolkingsgroep.

**Vraag 6:** Op die vraag of hulle altyd, soms of nooit lees, het almal geantwoord dat hulle *Bult* altyd lees.

**Vraag 9:** Op die vraag of mense bereid sal wees om vir *Bult* te betaal, het 62% ja gesê. Enkele gevalle was bekommerd dat ons hulle wel daarvoor sou laat betaal. Ons wou maar net bepaal wat die lojaliteit teenoor die publikasie is.

**Vraag 10:** 29% het aangedui dat hulle bereid is om in *Bult* te adverteer, 46% het nee gesê en 'n verdere 25% het aangedui dat die vraag nie op hulle van toepassing is nie.

**Vrae 7, 8 en 11** het die lekkerste antwoorde opgelewer:

In vraag 7, oor wat mense eerste lees, sê hulle: Briewe, Blou Willem, prestasies (veral op navorsingsgebied), “van voor tot agter”, “ek gaan dit sistematies deur”, studentenuus, medelye, algemene inligting, “ondervindinge uit die verlede, verder alles”, reinie-nuus, Afrikaanse artikels, “begin by bl.1”, “Begin by briewe en eindig by Blou Willem”, staaltjies wat oudstude te vertel, “van voorblad tot agterblad”.

Op die vraag (8) wat hulle graag wil lees, sê die respondente: briewe van oudstude te en gebeure op kampus; vertellings en vroeë geskiedenis; meer sport; Deurbrake – akademies of tegnies; maatskaplike werk, gemeenskapsprojekte; vooruitgang, studenteprestasies, sport, kultuur, meer oor geneeskunde en gesond-

heidsake; meer foto's van Kovsies van 1950-1965; kampusnuus soos tans aangebied; nuus, oumense onthou; “alles soos tans is 100%. Dalk meer oor oud-dosente”; UV-aktiwiteite asook oudstude te; vordering en ontwikkeling van akademiese fakulteite; tendense, nuwe kursusse, nuus; oud-Kovsies wat presteer; alumni, current research; “wat het van wie geword kan baie uitgebrei word”, “ek is tevrede met die inhoud”.

In vraag 11 het ons vir kommentaar gevra, en hier is van die kommentaar: “altyd interessant en leesbaar – uitstekende formaat en uitleg”; “Minder Engelse artikels asb. Ons is 'n Afrikaanse universiteit”; “Baie bly oor transformasie”; “Dis opmerklik dat feitlik alle donateurs (laaste blad) Afrikaanssprekend is. Sê dit iets van lojaliteit?”; “The old Gray mare ain't what she used to be”; “Maak van die *Bult* weer 'n oudstude teblad. Te veel akademiese berigte”; “Hou aan met die goeie diens wat julle al die jare lewer”; “Die blad is goed versorg”; “Dit is altyd 'n genot om *Bult* te lees”; “Bravo Leatitia Pienaar”; “Verwag taalbalans. Wetenskapartikels kan in vaktydskrifte verskyn”; “Die samestelling van artikels in *Bult* is goed”; “Uitstekende publikasie”; “Dankie vir 'n puik produk!”.



# Navorsing in net 'n werk nie,

**N**avorsing in die Okavango-delta deur prof. Jo van As van Dierkunde en Entomologie aan die Universiteit van die Vrystaat, strek al oor meer as dertig jaar. Wat eers net 'n werk was, het 'n leefwyse geword waar dit moeilik is om tussen 'n persoonlike lewe en die werk te onderskei.

Die passie waarmee hy praat voer jou mee na die delta en jy kan die water, die diere en die werkstasie in jou geestesoog sien.

Elke maandelik geleentheid wanneer hy en sy span nie voor die klas moet staan nie, bevind hulle hulop die delta.

Oor die jare het die geriewe aangegroei en spog die UV, saam met ander belanghebbendes, oor 'n goedtoegeruste basiskamp vanwaar navorsing gedoen kan word.

Prof. van As sê elke rivier het sy eie vissamestelling. So het die Kongo 700 spesies, die Zambezi 150 en die Okavango 71. Hulle navorsing konsentreer op die visspesies van die Okavango en die parasiete wat 'n invloed daarop het.

“Die Okavango is eintlik 'n anomalie,” sê prof. Van As. “Waar riviere gewoonlik in die see uitmond, vloei die Okavango deur 'n dorre woestyn binneland en skep so 'n oase vir wild. Omdat dit in die middel van 'n woestyn is, is dit uiters kwesbaar. Vir Botswana is dit nog meer van belang omdat dit die enigste lopende rivier in die land is,” sê hy.

“Hierdie stelsel word bedreig omdat Botswana so groei. Meer as 96% van die delta se water verdamp en kon anders aangewend word.”

Die delta strek oor 28 000 vierkante meter en is die grootste binnelandse delta in die wêreld. Dit is amper so groot soos België maar aansienlik groter as Israel.

Die Departement Dierkunde en Entomologie se navorsing in die delta geskied in samewerking met die Universiteit van Botswana, die Harry Oppenheimer Okavango Research Centre in Maun, 'n groep nie-regeringsorganisasies, die Kuru Family of organisations, en 'n trust gestig deur Willemien en Braam le Roux asook die Okavango Parabëlo Research Trust wat op bewaring konsentreer. Hierdie konsortium sal binnekort in Botswana geregistreer word. Bewaring van Afrika se vernaamste vleiland is die fokus.

Die navorsingskamp dien ook as basis vir gemeenskapsprojekte. Afval van 'n krokodilplaas (Korkavango) word byvoorbeeld verwerk en herwin. Die navorsingskamp, Leseding Research Camp (om lig te bring), is op huurpag van 'n plaaslike stamhoof verkry.

Prof. Van As sê dit was nie maklik om die kamp in te rig nie. Alles moes van Suid-Afrika aangery word. Toerusting, soos die

laboratorium, is deur Nikon geskenk. “Logisties is dit 'n nagmerrie om daar te kom. Selfs vir die Universiteit van Botswana is dit moeilik om die plek te bereik,” sê prof. van As.

Die plaaslike bevolking word betrek by geleenthede. Met die opening van die krokodilplaas is die hele gemeenskap byvoorbeeld genooi om aan die vieringe deel te neem. “Ons betrek die gemeenskap so ver as wat ons kan. Hier is nie geleenthede nie,” sê prof. Van As. “Die mense leef naby aan die natuur.”

As deel van die projek word barbers in damme geteel. Mense uit die gemeenskap help met die instandhouding van die damme en die vervoer van die afval na die krokodilplaas.

Die navorsingsprojek het ontstaan by 'n behoefte by die departement om 'n rivierstelsel te bestudeer en daar aanvanklik vermoed is dat daar 'n probleem met die Okavangostelsel is. Mettertyd is besef dat daar nie probleme was nie, maar dat die oënskynlike probleme net deel van die sikliese aard van die Okavango was. Die stelsel word gedryf deur vloede en droogtes.

- Prof. van As sê die navorsingsprojek het reeds ses M.Sc.-grade en drie Ph.D.-grade opgelewer. Tans is ses nagraadse studente by die projek betrokke. Prakties in honneurs in vleiland-ekologie word ook byvoorbeeld in die Okavango gedoen.

Intussen woeker prof. Van As en sy span om publisiteit vir die projek te kry. Ses programme hieroor is op Kyknet uitgesaai.



# Okavango **nie** **maar** 'n leefwyse



1: Dr. Liesl van As en studente in die veldlaboratorium besig met voorbereiding vir veldwerk. 2: Prof. Jo van As (regs) en dr. Candice van Rensburg agter die Nikon-mikroskope wat deur IMP aan die Leseding-navorsingskamp geskenk is. 3: Studente besig met waterkwaliteitsmetings in vloedvlaktes van die Okavango. 4: Hoewel die kamp vêr van Bloemfontein en die beskawing is, is die veldlaboratorium goed toegerus met apparaat. 5: Die Leseding-kamp se kombuis. 6: Studente en personeel op die Departement Dierkunde en Entomologie se navorsingsbote wat spesiaal ontwerp en gebou is vir toestande in die Delta. 7: By Leseding is daar nie 'n werkverdeling nie. Hier word nette uitgesit om visse te vang.

# Folktales not only stories



Dr Elias Malete



Mediators and rescuers always come to the rescue in a miraculous way. Birds and animals as well as magic events do help victims. In tales told by women, the maternal families are the mediators or rescuers, and men are villains.

Dr Malate says folktales, within the context of social development, can be used by countries like South Africa and Russia to promote diversity, the multicultural phenomenon. "Social development must not primarily be a question of money, technology, industrialisation or political will, but must integrate the dimension of life and mind, social behaviours, skills, attitudes, customs, tradition, cultural values, linguistic determinants, information, beliefs and opinions. It is a process that involves self-conception, self-determination and self-sufficiency. Folktales as part of our indigenous knowledge system, can help us achieve our aspiration, attitudes and values through development.

"Folktales can be used in all disciplines to convey knowledge and communicate ideas, they can help us to achieve social maturity, academic success and moral compliance.

"It prepares and assigns roles and responsibilities to different generations in their communities. They are more of pedagogic devices and less of literacy pieces. They cultivate universal values such as compassion, generosity and honesty, while disapproving attributes such as cruelty, greed and dishonesty," he said.

Dr Malete says: "South Africa, with its relatively new democracy, has in place policies that needs both the support from its inhabitants but also support and collaboration from developed countries like Russia. These outstanding differences observed in the folktales of the two countries need to be captured in order to promote the principle of multiculturalism. In South African context, it is females who are put to test to ensure they will have successful marriages. South Africans have to learn from this tale that males too have to play their part and accept to be exposed to this test to ensure social stability in their communities. On the other hand, the Russians will also note that the democratic principle is embedded in the African culture, the voice of one person also carries weight and that whilst the king's royal status is observed, he rules by consensus and deductive method."

"Folktales as part of our indigenous knowledge system, can help us achieve our aspiration, attitudes and values through development," said Dr Elias Malete, acting head of the Qwaqwa Campus of the University of the Free State.

He presented a paper at a conference on South African and Russian folklore, the similarities and the role of folklore in society.

Dr Malete says folktales reveal the soul of any society, the express its wishes, desires, hopes and beliefs about the world. They are often ancient, have fictitious characters and situations and are mostly oral traditions before they were written down. South African folklore is plain and primitive, not adorned with the wealth of places and precious stones to be met with in the folklore of more civilized nations.

"Folktales can be used to promote social development between two countries, if their folktales can proof to show some similarities in terms of structure and interpretation," he says.

The characters in folktales have functions. In Sesotho folktales the characters have a constant function throughout the tale. In the story "Tselane le Dimo" Tselane, the protagonist, is the helpless victim throughout the tale until she is rescued by her maternal next of kin. Dimo became the villain, persecuting Tselane throughout the story until he is defeated.



## Many interested in governance programme

More than forty students from across the country attended a contact session of the Programme for Governance and Political Transformation, presented by the UFS. The opening address was delivered by Ms Gertrude Mothupi, Executive Mayor of the Mangaung Local Municipality. Some of the guest attending the opening ceremony were, from the left: Ms Mothupi, Dr Ezekiel Moraka (Vice-Rector: Student Affairs at the UFS), Mr Tembani Lobe (Chief Executive Officer of Centlec and one of the first-year students in the programme this year), and Dr Tania Coetzee (acting Programme Director of the Programme for Governance and Political Transformation at the UFS). Centlec is a power-supply company in Bloemfontein.




## Neem waar in Appèlhof



Regter Faan Hancke, voorsitter van die UV-Raad, is vanaf Desember 2006 as waarnemende regter in die Appèlhof in Bloemfontein aangestel. Hy dien sedert 1997 op die UV-Raad en is ook buitengewone professor aan die Fakulteit Regsgeleerdheid.

## Geld gekry om jong navorsers te slyp



Die UV se Direkoraat Navorsingsontwikkeling het 'n toekening van ongeveer R3 miljoen van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang om vanjaar jong navorsers uit aangewese groepe deur die Thuthuka-kapasiteitsbouprogram te ontwikkel. Die toekeninghouers het gegroei van vyf suksesvolle aansoeke in 2003 tot 'n fenomenale 44 vanjaar. Die Thuthuka-program is 'n vennootskapsprogram en die UV dra twee derdes by tot die befondsing van elke toekeninghouer. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe neem vanjaar vir die eerste keer aan die program deel. Hier is, van links: me. Lizelle Janse van Rensburg (toekeninghouer), mnr. Antonie Pool (toekeninghouer), mnr. Arno van Niekerk (toekeninghouer), me. Annelize Venter (programkoördineerder van die Direkoraat Navorsingsontwikkeling), prof. Phillipe Burger (voorsitter van die Departement Ekonomie) en prof. Lucius Botes (voorsitter van die fakulteit se navorsingskomitee).

# Vertaling van Latynse werk kan nuwe insigte bring



Met die vertaalde boek. Hier is van links appèlregter L.T.C. Harms (ook buitengewone professor aan die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV), regterpresident J.P. Malherbe van die Vrystaatse hooggeregshof, regterpresident C.I. Howe van die Appèlhof, prof. Boelie Wessels, mede-ouditeur en prof. Johan Henning, mede-ouditeur en dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UV.

**V**erskeie klassieke latiniste het talle bykans onoorkomelike probleme voorsien met die vertaling van hierdie regsbrond, sê prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, oor 'n vertaling uit gekorrumpeerde regslatyn van 'n lank miskende gemeenregtelike kenbron oor vennootskapsreg wat onlangs by die fakulteit verskyn het.

Die oorspronklike werk stem uit die 17de eeu. Die boek wat nou verskyn het – *Perspectives on a selection from Felicius-Boxelius: Tractatus de Societate / A Treatise on the law of partnership* – maak 'n waardevolle bydrae tot vennootskapsreg in Suid-Afrika. Die boek bestaan uit kommentaar op en vertaalde uittreksels uit die oorspronklike gekorrumpeerde Latynse werk wat oor 'n periode van tien jaar deur emeritus-professor Boelie Wessels vertaal is en deur prof. Henning vakkundig verwoord is. Dit bevat 'n uiters omvattende bespreking van die Suid-Afrikaanse gemene reg rakende vennootskappe. Die volledige vertaling bestaan uit meer as 500 bladsye, maar is nie in die geheel gepubliseer nie.

Prof. Henning sê daar is geen omvattende wet oor vennootskapsreg in Suid-Afrika nie. Behalwe verskeie verspreide kort bepalinge wat vir 'n spesifieke doel diverse kwessies soos insolvensie aanspreek, is daar geen omvattende vennootskapswetgewing in Suid-Afrika nie. Die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg bestaan hoofsaaklik uit Suid-Afrikaanse gemene reg, wat weer hoofsaaklik uit die Romeins-Hollandse stam.

Ondanks Britse oornam van die Kaap eeue gelede, is die Engelse vennootskapswetgewing nooit in Suid-Afrika ingevoer nie. Suid-Afrikaanse reg is steeds op die Romeins-Hollandse reg gebaseer.

Die oorspronklike werk van Hector Felicius, 'n Italiaanse juris, is in 1606 gepubliseer en later deur sy seun Angelus uitgegee. Daarna is dit deur 'n Hollandse juris, Hugo Boxelius, met omvattende aantekeninge oor die Romeins-Hollandse reg gepubliseer. Die 1666-uitgawe van Boxelius is waarskynlik die mees algemeen beskikbaar in Suid-Afrika en die meeste van belang vir Suid-Afrika veral vanweë die verwysing in Romeins-Hollandse bronne in Boxelius se byvoegings.

Prof. Henning sê weens die ontoeganklikheid van die Felicius-Boxelius-publikasie het juriste staatgemaak op die bekende Franse juris Pothier se *Traité du contrat de société* waarin belangrike aspekte nie aangespreek word nie. Pothier se verhandeling oor die vennootskapsreg is in Engels vertaal en is aan die einde van die agtiende eeu ook as 'n belangrike bron in Nederland beskou.

“Sy opinies kan nie egter nie deurgaans as geldig beskou word vir die Romeins-Hollandse vennootskapsreg nie, want dit het nie betrekking gehad op die provinsie Holland van Nederland as sodanig nie en dit maak soms staat op Franse stadsregte en wetgewing as gesag,” sê prof. Henning. Vir hierdie rede is besluit om weer aandag te gee aan die betekenis van die omvattende verhandeling van Felicius en Boxelius oor die Romeins-Hollandse vennootskapsreg.

Hierdie lank miskende bron van die gemeenregtelike vennootskapsreg is in 1666 te Gorkum in Nederland gepubliseer. “'n Beduidende aantal Romeins-Hollandse kenbronne en gesaghebbende skrywers het op hierdie verhandeling vertrou en daarna verwys,” sê prof. Henning.

Hy sê daar bestaan min twyfel dat, wat regsontwikkeling betref, die vennootskapsreg die stiefkind van die Suid-Afrikaanse ondernemingsreg is. Die swaartepunt lê by maatskappyreg, terwyl min gedoen word op die gebied van vennootskapsreg. Lande soos Amerika, Engeland en Nederland het omvattende vennootskapswette en het reeds, of is in die proses om, nuwe en moderne vennootskapswette op te stel wat ooreenstem met internasionale tendense, praktyke en handelsgebruike. In Suid-Afrika sluit die mees onlangse beleidsdokument oor regshervorming wat deur die Departement van Handel en Nywerheid uitgereik is, egter die vennootskapsreg uit van die huidige hervorming van die maatskappyreg.

“Indien daar nie 'n politieke wil is om die nodige geldelike en ander bronne toe te wys vir 'n omvattende program vir die hersiening van ons verouderde vennootskapsreg nie, is dit ongelukkig 'n praktiese realiteit dat Suid-Afrika nie in die nabye toekoms 'n moderne vennootskapswet sal kry nie,” sê hy.

“Die vertaling van Felicius-Boxelius kan 'n beduidende bydrae lewer in die vennootskapsreg en om belangstelling in regshistoriese navorsing aan te wakker,” sê prof. Henning. “Min mense besef hoe oud die reg werklik is. Al word nuwe vennootskapswette opgestel, moet dit nog teen die agtergrond van die Romeins-Hollandse reg geïnterpreteer word.”

# UV help om taalregte te monitor

Die Eenheid vir Taalbestuur van die UV het, in samewerking met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat), het die Language Rights-monitorprojek op die Hoofkampus in Bloemfontein bekend gestel.

Pansat is ingevolge die Pansat-wet van 1995 verantwoordelik vir die bevordering en beskerming van taalregte in Suid-Afrika en is die hoofbondsverantwoordelike van die projek.

Die Language Rights-monitorprojek is in 2002 vir 'n proeftydperk van drie jaar geïnisieer om op jaarliks verslag te doen aan Pansat oor taalregtekwesties in Suid-Afrika soos wat dit hoofsaaklik in die gedrukte media weerspieël word.

Sedertdien het drie verslae reeds verskyn wat verskeie aspekte rondom taalregte dek, onder meer taalregteklagtes, taalregtevragestukke, taallitigasiemasook navorsing oor taalregte in Suid-Afrika. Proff. Johan Lubbe en Theo du Plessis en dr. Elbie Truter, almal verbonde aan die UV, was verantwoordelik vir die saamstel van die eerste drie verslae.

Gedurende 2006 het Pansat besluit om die projek vir 'n onbepaalde tydperk op 'n permanente basis aan die Eenheid vir Taalbestuur aan die UV in te rig. Die bekendstelling van die projek net juis om hierdie rede plaas gevind. Voortaan sal die *South African Language Rights Monitor* jaarliks verskyn as 'n spogpublikasie van Pansat wat saamgestel word deur personeel verbonde aan die eenheid aan die UV.

Pansat het egter ook besluit om die projek verder uit te brei vanweë die behoefte aan 'n meer onmiddellike verslag en rekords uit koerante wat in die Afrikatale gepubliseer word. Daarom is besluit om vanaf September 2006 ook 'n maandelikse *South African Language Rights Bulletin* te loods.

So 'n maandelikse bulletin sal maandeliks 'n oorsig gee van ontwikkelinge in Suid-Afrika rondom taalregte en sal Pansat in staat stel om meer daadwerklik betrokke te raak by krisissituasies waar bemiddeling dringend benodig word. Twee-maandelikse bulletins het reeds verskyn en is goed deur Pansat ontvang. By die bekendstellingsgeleentheid is die *Bulletin* ook vir die eerste keer bekendgestel.

Met die amptelike bekendstelling van Pansat se Language Rights-monitorprojek in die Vrystaat word



Van die gaste wat die bekendstelling van die Language Rights-monitorprojek bygewoon het, is van links: mnr. Edward Sambo (waarnemende hoof van Pansat), prof. Engela Pretorius (Visedekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV), prof. Theo du Plessis (Direkteur: Eenheid vir Taalbestuur aan die UV) en mnr. Vusi Ntlakana (hoof van die Vrystaatse provinsiale kantoor van Pansat).

klem gelê op die leidende rol wat hierdie provinsie en meer spesifiek die UV speel by die ontwikkeling en implementering van 'n meertalige beleid.

Meer inligting oor die stand van taalregtekwesties in Suid-Afrika sal in die toekoms vanuit Bloemfontein beskikbaar gestel word tot voordeel van Suid-Afrika se taalwagbond, Pansat, maar ook van ander instansies wat betrokke is by taalregtekwesties. So word 'n konstruktiewe bydrae gelewer tot die kultivering van taalgeregtigheid, 'n belangrike element van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika.

## Focusses on community service



The Centre for Development Support (CDS) at the UFS presented a workshop on community-based worker systems on the Main Campus in Bloemfontein. Partners from Kenya, Lesotho, Uganda and South Africa are working together to see how these systems can be used to widen access to services and empower communities in the process. The aim of the workshop was to bring pilot partners and practitioners involved in community-based worker systems together with national, provincial and local government and to explore the implications for mainstreaming these systems in South Africa. The CDS at the UFS conducted an evaluation of community-based worker systems in South Africa, of which the findings were also discussed. Attending the workshop were, from the left: Mr Ian Goldman (Chief Executive Officer of the Khanya-African Institute for Community-driven Development), Councillor Leonard Makhanya (Mangaung Local Municipality), Prof. Lucius Botes (Director of the Centre for Development Support at the UFS), and Mr Alfa Mahlako (Director of Sustainable Livelihoods at the national Department of Social Development).

## Navorsingsdag gehou vir jong navorsers



Die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat het 'n navorsingsdag vir jong navorsers gehou. Die geleentheid is deel van die fakulteit se mentorskapprogram en jong navorsers is die geleentheid gegee om hul referate te lewer, om te leer by ander navorsers en gedagtes met hulle te wissel. By die navorsingsdag was, van links: me. Steffi Cawood (Program vir Afrikastudies in die Departement Afro-Asiatiese Studies, Gebaretaal en Taalpraktyk), prof. Engela Pretorius (Visedekaan van die fakulteit en ook mentor), me. Maryna de Wet (Departement Sosiologie), me. Nadine Lake (Genderstudieprogram) en me. Katherine Geldenhuys (Departement Engels en Klassieke Tale).

## Department celebrates 50 years



The Department of Quantity Surveying and Construction Management at the University of the Free State launched a festive publication in celebration of its 50 years of existence. During the ceremony the gold medal of the Society of South African Quantity Surveyors for exceptional achievement by a final year B.Sc. Quantity Surveying student in 2005 in South Africa was awarded to Ms Helena Jordaan, a UFS student. Here are, from the left: Prof. Teuns Verschoor (Vice-Rector: Academic Operations at the UFS), Prof. Basie Verster (Head of the Department of Quantity Surveying and Construction Management), Ms Jordaan and Prof. Herman van Schalkwyk (Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences).

## Hanno kan liedjies skryf



Mnr. Hanno van Heerden is as die winner in die eerste ATKV-Crescendo-Kreatief-liedjieskryfkompetisie aangewys. Hy is 'n oud-Kovsie en het dié kompetisie vir amateur-liedjieskrywers, waarvan meer as 600 inskrywings ontvang is, gewen. As prys gaan hy vanjaar 'n internasionale liedjieskryfskool ter waarde van R50 000 bywoon.

## Attend workshop in Sri Lanka



Staff from the Institute for Ground Water Studies (IGS) at the UFS presented a workshop on the evaluation and management of ground water resources to geo-hydrologists at the University of Peradeniya in Sri Lanka. The South African Disaster Management Fund carried the costs of the UFS staff. During the visit were, from the left: Dr H.A. Dharmagunawardhane (workshop co-ordinator), M Danie Vermeulen (researcher at the IGS), Dr Ingrid Dennis (researcher at the IGS), Mr Tikiri Kobbekaduwa (Governor of the Central Province, Sri Lanka), Prof. Gerrit van Tonder (head of the IGS), Mr Kalinga Pelpola (Programme Manager), Prof. H Abeygunawardhane (Rector and Vice-Chancellor of the University of Peradeniya), and Prof. M.A.K.L. Dissanayake (Director: Postgraduate Institute of Science, University of Peradeniya).


## Strengthen ties with universities in Africa



Staff from the UFS's Programme for Africa Studies visited the Institute for Africa Studies at the University of Nairobi in Kenya and the Makerere University in Kampala, Uganda to explore the possibility of closer ties between the programme and these institutions. The exchange of operational information about the institutions in an effort to view the tertiary environments of South Africa, Kenya and Uganda in perspective, was also discussed. During the visit to the University of Nairobi were, from the left: Prof. Isaac Nyamongo (Director of the Institute for Africa Studies at the University of Nairobi), Prof. Isaac Meroka Mbeche (Head of the College of Human and Social Sciences at the University of Nairobi) and Prof. Philip Nel (Director of the Programme for Africa Studies at the UFS).

## Dié uitgawe van geografie-tydskrif 'n eerste

'n Spesiale uitgawe van Die Suid-Afrikaanse Geografiese Tydskrif (vol. 88 no 1) is vir die eerste keer toegewy aan net een provinsie, die Vrystaat. By die bekendstelling van dié tydskrif was van, links: prof. Gustav Visser, dosent in die Departement Geografie en mede-redakteur van die joernaal, prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, prof. Peter Holmes, Departementshoof van die Departement Geografie en ook mede-redakteur van die joernaal, en prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe. Departemente binne die UV sowel as die Universiteite van die Witwatersrand en Rhodes het meegewerk aan die joernaal.



# UV word mekka vir

Die Departement Menslike bewegingskunde se Biokinetika- en Sportwetenskap Sentrum doen al die afgelope drie jaar die Springbokke se fiksheid-evaluasies en het die Protea-krieketspan ook aan die einde van 2006 geëvalueer.

Die Springbokke sal weer in 2007 van die departement geriewe gebruik maak. Die Biokinetika- en Sportwetenskap-sentrum beskik oor van die beste evaluerings- en oefengeriewe in die land.

Dr. Derik Coetzee, 'n senior dosent aan die Departement Menslike Bewegingskunde, is ook die Springbokke se kondisioneringsafrigter en 'n oudstudent van die



Mnr Riaan Schoeman met die Suunto-hartmonitorstelsel terwyl Os du Randt oefen om sy harttempo dop te hou.



Dr. Derik Coetzee tydens 'n streksessie met die Bokke.



Proteas se bankiedruk word getoets.



Mnr. Riaan Schoeman toets die soepelheid van Albert van den Berg se enkel.



Mnr. Riaan Schoeman meet Shaun Pollock se kuitspiersoepelheid

# nasionale sport



Departement. Mnr. Adrian le Roux is tans die Protea-span se kondisionerings afrigter. Mnr. Riaan Schoeman, junior lektor aan die departement, is verantwoordelik vir die terugvoer na die afloop van die toets van die Springbokke. Coetzee en Schoeman (ook oudstudee van die departement) behartig ook die nuwe Suunto-hartmonitorstelsel om die Bokke optimaal te laat oefen.

Ander spanne wat ook van die UV se geriewe gebruik maak sluit in die Vrystaat Cheetahs (Curriebeker, Super 14 en Vodacom-beker), Vrystaat o.19- en o.21-spanne. Verskeie sportspanne aan die universiteit maak ook gebruik van die geriewe, waaronder netbal en krieket.

## New astros in use



A group of hockey players of the UFS's men and ladies played on the new astro fields on the Main Campus in Bloemfontein for the first time in February 2007. The R16 million astro hockey project is one of the university's biggest sport investments. The project, in which five schools are partners, commenced eighteen months ago. Attending the first hockey game were, from the left: Simone Hugo (student), Mr Frans van der Watt (Hockey Manager at the UFS), Prof. Frederick Fourie (Rector and Vice-Chancellor at the UFS), Mr James Letuka (Director of KopsieSport) and Jaques du Toit (student).

# UFS a frontrunner in education for disabled students

By Ronelle Ceronio



Ronelle Ceronio

As in most countries of the world, South Africa faces a daunting challenge in trying to roll back the marginalisation of people with disabilities and to fully integrate them into the social fabric.

According to Statistics South Africa, there were more than two million people with various forms of disability in the country in 2001, making up 5% of the total population enumerated in the census.

The most affected province was the Free State, with a prevalence of 6,8% and the least affected province was Gauteng with 3,8%.

It is against this backdrop that the UFS has been making a concerted effort to provide school leavers with disabilities an opportunity to study at the institution as a means of integrating them into society. Indeed, when it comes to the provision of adequate and accessible higher education, the UFS has become one of the frontrunners with services catering for students with special educational needs. The UFS is one of only two institutions in the country that offer interpreting in South African Sign Language for deaf students.

Established in 2001, the Unit for Students with Disabilities at the UFS has grown from 15 students in 2001 to 170 students with disabilities in 2006. The unit supports an inclusive view on disability as indicated by South African

legislation and recognises the fact that disability is a varying and personal matter. People who face physical and/or mental challenges are therefore included.

Our staff compliment has also grown from one to five fulltime staff members, of which three are disabled.

The UFS has made a considerable effort in recent years to make the Main Campus in Bloemfontein, where the unit is situated, user friendly for students with disabilities. Walkways have been erected all over campus and the access to buildings has also been adapted.

One residence on the campus has rooms especially equipped for students with disabilities. The students with disabilities also stay in other residences on campus or in student houses close to the campus.

Most of the students registered with the unit are blind or partially sighted, have a learning disability such as dyslexia and Attention Deficit Hyperactivity Disorder (ADHD) or are physically disabled. The UFS has also become the university of choice for a growing number of deaf and hard of hearing students and students with psycho-social and other disabilities.

Career and study guidance to prospective students who choose to disclose their disability; assistance with registration, bursary and loan applications; transcriptions of academic and/or university related material for students who cannot read in the normal manner; the recruitment of volunteers and typing and basic computer training for visually impaired students are some of the services offered by the unit.

Leaving home and becoming a first-year student can be a daunting experience, especially for someone who is disabled. Here we take special care by offering orientation and mobility training for blind firstyear students. When infrastructural changes on campus occur, senior students are retrained and made aware of the changes.

Academic institutions do not receive additional subsidy for students with

disabilities. Students with disabilities pay the same class fees as other students. Our blind students, for instance, receive their study guides and learning material in Braille at no extra cost and every deaf student is accompanied to class by a sign language interpreter compensated by the UFS. Study guides can also be done in large print, e-text or in an audio format, depending on the needs of the student.

The unit offers a formal examination venue and has a computer laboratory consisting of ten computer stations with accessible word-processing software such as screen reading and magnification and accessible internet and e-mail facilities.

Because of the growing popularity of the UFS amongst students with disabilities, staff and students on the Main Campus are becoming more aware of and sensitive to the needs of these students.

The unit offers advice on teaching and learning methods for academic staff and we present workshops where guidance is given on how to handle students with disabilities.

Many of our undergraduate and postgraduate students study with bursaries obtained from the Department of Labour. The Kopsie Alumni Trust also awards three bursaries to undergraduate students with disabilities. These awards are given to the best academic achievers in their first, second and third year. An additional bursary is also awarded to the best undergraduate academic achiever out of the three candidates.

Sixteen students with disabilities are currently busy with postgraduate studies. This means that our group of students is well qualified and they find work quite easily. In actual fact, we receive frequent enquiries from companies looking for students with disabilities to employ.

Our students are extremely dedicated and motivated. Some of them are also top achievers in their fields of study, despite their disabilities. This makes working with them such an amazing enjoyment.

• *Ms Ceronio is the Head: Unit for Students with Disabilities at the UFS*



# UV die beste op blinde se roete

Deur Leonie Bolleurs

“Die wolke, dit is wat ek die graagste sal wil sien,” sê Esté Kemp. Esté is ’n eerstejaarstudent aan die UV wat haarself ingeskryf het vir B.A. Algemeen met Musiek as ekstra vak. Esté is ook blind van geboorte af. Goed wat vir ’n persoon wat kan sien alledaags is soos kleure, plante en motors is vir haar onbekend.

Vir iemand wat ’n kerie en braille die bekende noem, het Esté baie gou tuis gevoel op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat. “Dit is soveel beter hier. Ek het gou hier ingepas. Dié universiteit is beslis die beste in terme van die voorsiening wat hulle maak vir persone met gestremdhede. Van my blinde vriende by Tukkies moet self hulle inligting skandeer en in braille laat oorsit. Dit vat baie tyd. Hier aan die UV gee die Eenheid vir Persone met Gestremdhede vir ons die inligting klaar in braille. Ek het ook ’n ruk lank by UNISA gestudeer. Hulle het baie groot beloftes gemaak om persone wat blind is te help, maar ek het vir weke lank gesukkel om my studiemateriaal by hulle te kry. Ek kon nie meer so aangaan nie en het toe my studies gestaak.

“Die dosent sowel as die ander studente op kampus behandel my met deernis en begrip. My dosente het begrip vir goed wat blinde persone nie kan doen nie, soos om dadelik boeke te kry en hulle is bereid om te help.

“Dit is soms vir my moeilik om my pad te vind op kampus. Daar is egter altyd iemand wat bereid is om te help. Buiten die hulp van medestudente bied die Eenheid vir Studente met Gestremdhede ook ’n diens vir blinde persone op kampus. Hulle voorsien spesiaal iemand om ons die roetes op kampus te leer. Dit is ook ’n faktor wat agterweë gebly het op ander kampusse as ek so na my blinde vriende luister. Dié kampusse bied die diens aan, maar daar is nie regtig iemand wat bereid is om die ekstra myl saam met jou te loop as jy sukkel nie.



“Die wandellane, tuine en toegang tot geboue op die Kowsiekampus maak dit beslis makliker vir ’n blinde persoon om sy weg te vind. Die randstene en bosse is baie goeie bakens op die roete van ’n blinde persoon en die rolstoelopritte met die relings aan die kante help nie net vir persone met rolstoel nie, maar ook vir ons blinde om ’n gebou binne te gaan.

“Die fasiliteite hier by Kowsies is ook baie gerieflik. Ek bly in ’n woonstel op die kampus saam met twee ander studente wat

ook blind is. Die woonstel is lekker ingerig vir gestremde persone. Toegang tot studiehulpbronne soos rekenaars is ook gerieflik. Ons hoef nie in toue te wag om ’n rekenaar te gebruik nie. Daar is genoeg vir almal,” sê Esté.

Esté se droom is om eendag ’n tolk te word. Al die fasiliteite, hulpbronne en vriendelike en hulpvaardige kampsugemeenskap is dalk net die bakens wat Esté nodig het om die bestemming op haar lewenspaadjie te bereik.

## UFS receives R2 million in computers from Dell Foundation

The Dell Foundation generously donated 200 computers, worth approximately R2 million, to the University of the Free State. The computers will be utilised at the School for Nursing, the School for Allied Health Sciences and the Unit for Students with Disabilities. Some of the computers will also be used at the Qwaqwa Campus.

The Dell Foundation South Africa is committed towards participating in bridging the digital divide by providing technology, giving training and

developing human resources. One of the cornerstones of Dell South Africa's success lies in its belief that by improving social conditions it can improve business conditions. Rather than viewing social investment as a hand out or a means to attaining goodwill within communities Dell South Africa's social responsibility investments are about investing in the future and securing chosen initiatives to the long-term sustainability of the company and the country.



A symbolic handing-over ceremony was held on 8 February 2007 at the Centenary Complex on campus. Present at the event was (in front): Mrs Margot Coote (Dell Foundation) and Mr Ted Coote (Dell Foundation); Back: Prof. Willie van Zyl (Qwaqwa Campus), Prof. Anita van der Merwe (School for Nursing) and Mr Zunaid Mohidin (Dell – Education Sector).

## Together in Kimberley

Thebe Ikalafeng, CEO of Brand Leadership, was a keynote speaker at the Kovise Alumni dinner in Kimberley sponsored by Standard Bank. The theme, *Developing a distinct brand aligned with your world*, was dedicated to helping guests to become aware of themselves (personal brands) as part of corporate brands that resonate with customers and drive business performance.



Hen Ferreira, Colin Watermeyer and Fego Makhutle at the function.



Paulinah Twala, Bridgette Ikalafeng and Mary-Anne Daubermann share a moment.



With the keynote speaker from the left are: Suzan Mshumpela, Deputy Director of Marketing (Alumni), University of the Free State, Thebe Ikalafeng (CEO Brand Leadership), Agnes Ntlangula, Mayor of the Sol Plaatje Municipality and Gladys Mthukwane, Acting Speaker.

## Join us for the 3rd Amazing Rainbow Rally

**F**ish out your running shoes from the back of the closet and grab a map of Bloemfontein because the third Amazing Rainbow Rally, presented by the University of the Free State, in collaboration with OFM, is just around the corner!

The Amazing Rainbow Rally is a fundraising event, held in aid of the department of Paediatrics and Child Health at the University of the Free State. The department serves children with special healthcare needs, such as children who need intensive care, or who suffer from cancer, heart disease, neurological diseases and conditions, endocrinological diseases or gastro-enterological conditions. The department provides secondary health care to more than 250 000 children in the southern parts of the Free State, but is responsible for the tertiary care of about a million children in the Free State and Northern Cape, as well as some parts of the North-West province, the Eastern Cape and Lesotho.

Proceeds generated by the Amazing Rainbow Rally are used by the department to upgrade and acquire much needed equipment to treat these special patients.

Companies and other institutions have the opportunity to enter a team of two persons in the Amazing Rainbow Rally. Companies may decide who they want to represent them. This may be members of staff or management, celebrities, sports heroes and so forth. Businesses may enter as checkpoints that will host the teams and give them tasks to complete.

Teams must travel along a route and visit each checkpoint where activities will have to be completed to receive a clue to the next checkpoint. After passing all the checkpoints, teams will return to the UFS where they will have to complete one more important task. The team who completes the rally first will be the winner of the Amazing Rainbow Rally 2007.

If you think your department or company has what it takes to dethrone Mimosa Mall as the Amazing Rainbow Rally 2006 champions, please contact Adele van Aswegen at 051 401 3535 or Ilse Smalberger at 051 401 2415.



Lacea Loader and Dalene Harris from the University of the Free State team doing some serious shopping at the Checkers Hyper checkpoint.



The ABSA team surprises a little girl in the Paediatrics Ward with a cuddly toy.

## Kovsie Alumni vereer vier vir hul prestasies

Die gesogte Kovsie Alumni-toekennings, wat jaarliks aan alumni van die Universiteit van die Vrystaat gemaak word, het vanjaar op 9 Maart 2007 plaasgevind. Hierdie toekennings is tydens 'n gala-toekenningsdinee aan vier oud-Kovsies oorhandig.

UV-Alumni het Corrie van Zyl aangewys as 2006 se Oud-Kovsie van die Jaar. Mnr. Deon Meyer en Zingile Dingani het die Kovsie Alumni Cum Laude-toekening ontvang en prof. Helena van Zyl, Direkteur van die Bestuurskool aan die UV, die Kovsie Alumni Nasionale Bestuurstoekening.

Dié drie toekennings word jaarliks gemaak om alumni van die UV te vereer vir hulle uitsonderlike prestasies en bydrae aan die UV.

Mnr. Corrie van Zyl is 'n voormalige Suid-Afrikaanse snelbouler en die huidige assistantafrigter van die nasionale krieketspan. Onder sy leiding het die Gestetner Diamond Eagles uitsonderlik presteer en vyf uit die ses eendagkrieket-toernooie gewen waaraan hul deelgeneem het. Corrie Van Zyl het hierdie toekening ontvang vir sy uitstaande bedrae tot die krieketgeledere.

Mnr. Deon Meyer, bemaamde Suid-Afrikaanse spannings-verhaalskrywer, seëvier op nasionale en internasionale vlak en het reeds verskeie titels en toekennings ontvang vir sy bydrae tot beide die nasionale en internasionale literatuur-wêreld. Die Cum Laude-toekening word van tyd tot tyd gemaak aan enige Alumnus vir uitstaande diens of prestasie op plaaslike, nasionale of internasionale vlak in sy/haar spesifieke beroepsterrein.

Mnr. Zingile Dingane, Sekretaris van die Parlement, deel die toekening met Deon Meyer. Voorheen as LUR vir Finansies in die Vrystaat het hy al verskeie gewigtige leierskapsrolle vertolk in die omkeer van die Vrystaatse ekonomiese situasie.

Prof. Helena Van Zyl, Direkteur van die Bestuurskool, het die Kovsie Alumni se Bestuurstoekening vir 2006 ontvang. Prof. Van Zyl het deur haar besondere vermoëns en leierskap die jong bestuurskool tot een van die mees gerekende bestuurskole in die land opgebou. Hierdie toekening word van tyd tot tyd gemaak aan enige persoon wat uitsonderlike diens aan die universiteit lewer/gelewer het.

## KEV hou afsluitingsfunksie



Gaste in 'n gesellige luim op die vlot.

Die Kovsie Erflatingsvereniging het sy afsluitingsfunksie vir 2006 by Maselspoort aangebied. Die gaste het gesellig saam gekuier terwyl hulle 'n vlotvaart op die Modderrivier geneem het. Twee gaskunstenaars, Du Preez Stoltz en Thabo Pitse, het die gaste getraakteer op pragtige Kerssang. Die KEV bied hul volgende funksie op 17 April 2007 in die Reitzsaal in die Eufeessentrum op die kampus van die UV aan.

## Sakevroue beïndruk met UV



'n Besoekgroep uit 'n wye korporatiewe spektrum het die Universiteit van die Vrystaat (UV) aan die einde van 2006 besoek. Die groep het onder meer die Biblioteek- en Inligtingsdiens, die Eenheid vir Studente met Gestremdhede, die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Gesondheidswetenskappe, sowel as die Departemente Chemie en Mikrobiëse, Biochemiese en Voedselbiotegnologie, besoek. Die besoek was uiters geslaagd en die groep was vol lof vir die hoë gehalte van onderwys en navorsing wat hulle op die kampus teëgekrom het. Van die besoekers is hier, van links: me. Noluthando Ngema (Senior Bestuurder: Korporatiewe Sosiale Investerings – African Rainbow Minerals), prof. Niel Viljoen (Hoofdirekteur: Bedryf – UV), me. Zandile Nzalo (Hoofuitvoerende Beampte – Kommunikasie en Reklame-vereniging), en me. Charmaine Groves (Uitvoerende Beampte – Ou Mutual Korporatief).

# Deur u erflating kan u vir altyd onthou word

Deur Kathy Verwey

**M**ense oorweeg deesdae al hoe meer die een of ander vorm van 'n onsterflike nalatenskap aan 'n instansie. Deur 'n nalatenskap word 'n persoon as weldoener verewig en die persoon gee iets terug aan 'n instansie van wie hy of sy baie ontvang het. Deur die jare het mense verskeie erflatings aan die UV gemaak en sodoende hulself as weldoener van Kopsieland verewig.

Party weldoeners verkies om ongespesifiseerde bemakings te maak sodat die universiteitsowerheid self kan besluit hoe dit gebruik moet word, terwyl ander verkies om te spesifiseer waarvoor dit gebruik moet word.

Sommige weldoeners bemaak 'n bepaalde bedrag, ander bepaal weer dat 'n sekere persentasie van die boedel aan die UV bemaak word. Party bepaal dat trusts opgerig word. Daar is weldoeners wat polisse bemaak, terwyl ander vaste eiendom en selfs boerderye bemaak.

Me. Lila Theron van die plaas Bankfontein in die distrik Edenburg is in Oktober 1996 oorlede. In haar testament, het sy sekere bemakings aan die UV gemaak. Ten opsigte van die restant is bepaal dat dit in trust tot voordeel van die UVgeplaas moes word. Sy het verder bepaal dat die UV die grond nie mag vervreem of verhuur nie. Die UV het die erflating aanvaar en voortgegaan met die boerdery op die plaas.

Tans bestaan die bates van die Lilla Theron Trust uit die plaas van 2 225 hektaar waarop 'n skaapboerdery bedryf en 'n aantal bles- en springbokke aangehou word. Die markwaarde van die bates is waarskynlik tussen R8 miljoen en R9 miljoen werd.

U bemaking van boeke, kunswerke, eiendom of steun vir 'n leerstoel of merietebeurs of vir verbeterings aan laboratoriums en geboue kan dit moontlik maak dat u naam verewig word by die UV. 'n Erflating aan die UV word vrygestel van boedelbelasting, ongeag hoe groot die erflating is.

Oud-Kovsies en vriende van die UV wat in 'n tasbare belofte in die vorm van 'n testamentêre bemaking belangstel, of reeds 'n testamentêre bemaking aan die UV gemaak het, kan gerus skakel met me. Kathy Verwey, Senior Beampte: Erflatings

tel. 051 401 9343 of faks 051 444 6659. Die Kopsie Erflatingsvereniging is gestig om die testamentêre bemakings aan die UV te bevorder. Hier volg 'n paar persone wat reeds testamentêre bemakings aan die UV gemaak het:



Prof. François Retief.



Mev. Ria Retief.



Mev. Anna Bobbert



Prof. Nico du Plessis.



Prof. Jopie Botha.



Dr. Willem Bosman.



Mev. Veronica du Plessis.



Mev. Zenobia Botha.



Mev. Heleen Bosman.

## Studente reik uit na gemeenskap

**V**ier argitekstudente aan die UV het deur hul klasprojek 'n reuse-impak op 'n gesin in die Heidedal-gemeenskap by Bloemfontein gemaak.

Die "Seekoeiprojek" het begin as 'n droom van Willem en Ria Engelhof. Hulle is albei betrokke by Primêre Skool Heide waar Willem vir geestelike leiding sorg en Ria spraakterapeut en maatskaplike werker is. By nadere ondersoek na die omstandighede van 'n student wie se pa in 2005 oorlede is, het hulle besef dat die gesin 'n huis dringend nodig het.

Mev. Liesbet Seekoei (ma) het geen skoolonderrig gehad nie en is heeltemal ongeletterd. Sy moes ook vir haar twee dogters Maureen en Maria ook sorg.

Willem en Ria se droom was om vir dié gesin 'n huis te bou om hul veiligheid en gesondheid te verseker, aangesien die huis wat hulle

gewoon het heeltemal te klein en glad nie reënbestand is nie. In die Murray and Roberts des Baker Architectural Student Competition 2006, waarvan die beskrywing presies aan die behoefte van die Seekoei-gesin beantwoord het, het vier derdejaarstudente Argitektuur – Elzabé Meiring, Sean Wessels, Izelle Müller en Gustav Roberts – verlede jaar besluit om die Seekoei-huisgesin te gebruik om hul projek te ontwerp en na te vors.

Alhoewel dit nie deel van die kompetisie was om hul projek fisies te implementeer nie, was hulle bewus van Willem en Ria se droom om vir die Seekoei-gesin 'n huis te bou.

Die projek is Saterdag voltooi met die hulp van vrywilligers van 'n kerk en die gemeenskap. In die bouproses is mev. Seekoei geleer om haar eie tuin te maak en deel te neem aan die bouery. Lede van die gemeenskap het ook hulp aangebied en belanggestel om meer van die boustyl te leer.



By die huisbouery is van links Sean Wessels, Elzabé Meiring, Izelle Müller en Gustav Roberts.



Mev. Seekoei by haar huisie.

## By kongres in Amerika



Personeel van die Fakulteit Geesteswetenskappe wat in Oktober 2007 die 6de Internasionale Navorsingskongres oor Samelewingsdiens in Portland, Oregon, Amerika bygewoon het. Van links is prof. Robert Bringle (Centre for Service and Learning, University of Indianapolis), Joe Serekoane (Antropologie), Jeanine Nothnagel (Koördineerder: Samelewingsdiens), Luzelle Naude (Sielkunde). Drie referate is gelewer en een plakkaataanbieding is gedoen.



Dr Charles Nwaila

## Universities have a role to play

our education institutions. We need to create a sense of ambition, a drive for achievement in every person who enters a school, college or university. We need young people to be better educated so as to be prepared to engage in work and entrepreneurship beyond formal education.

“Our universities must become key centres of knowledge production. In some countries they have established what is called “knowledge villages” outside of universities, and you can imagine what happens in such villages. Our universities should enhance and promote high calibre research and development. They should support students to succeed, expand graduate training and strengthen critical faculties such as science, engineering and technology. The private sector and the public sector should all establish partnerships with the higher education sector to support them in building strong links between education and work.”


Universities should support students to succeed, expand graduate training and strengthen critical faculties such as science, engineering and technology. The private sector and the public sector should all establish partnerships with the higher education sector to support them in building strong links between education and work, says Dr Charles Nwaila, Director General of the Free State.

He was a speaker at an alumni function at the UFS at the end of last year.

Dr Nwaila said the challenge the country faced at the dawn of a democratic society was to create an education and training system in and through which all people would be able to develop their potential to the full. It was the challenge posed by the vision of the Freedom Charter: “to open the doors of learning and culture to all”.

The issue confronting the country today is how to consolidate the important gains achieved so far in building human resources that will effectively take their place in our economy and in the social reconstruction and development of South Africa, he said.

“The answer is that we need to promote quality and high levels of performance in all



Guests at function Mr Anton Fisher and his wife, Ms Robin Fisher.

## Opregte medelye met die afsterwe van ons vriende en kolegas...



Prof. Dawfré Roode by die geskiedenisboek se bekendstel-

**Prof. Dawfré Roode (70)**, is in Jeffreysbaai aan pankreaskanker oorlede. Hy van 1989 tot sy aftrede in 1997 vise-rektor: personeel en administrasie. Hy het in 2002 die Kanseliers-medalje ontvang vir die bydraes wat hy op vele terreine tot die universiteit gelewer het. Hy word oorleef deur sy vrou, Daphne, twee dogters en 'n seun.

**Me. Suretha Grey (19)**, 'n B.Ed.-student in haar tweede jaar aan die UV, is dood toe haar motor by 'n spooroorgang voor 'n trein beland het. Haar ouers is mnr. Roelf en mev. Hettie Greyling. Sy laat ook drie broers agter.

**Me. Anandi Rossouw (19)**, 'n tweedejaar-B.Rek.-student van Kimberley, is in Februarie in 'n ongeluk tussen Boshof en Dealesville oorlede. Sy laat haar ouers, mnr. André en mev. Marinda Rossouw, en 'n suster, Marelizé (21), agter.

**Mev. René Venter (33)** is einde verlede jaar in Bloemfontein oorlede. Sy het maatskaplike werk aan die UV gestudeer. Sy laat haar man, Rudi (34), en twee seuns agter.

**Dr. Joe Malherbe (75)**, kundige op onderwysgebied en bekende sportafrigter en -keurder, is einde verlede jaar in Bloemfontein oorlede. Hy het sy doktorsgraad in Onderwys aan die UV gekry. Hy laat sy vrou, Laura, drie seuns en agt kleinkinders agter.

**Mnr. Alf Ries (72)**, voormalige politieke redakteur van Naspers, is einde verlede jaar oorlede. Hy was in die 1950's in Vishuis. Hy word oorleef deur 'n seun en dogter en drie kleinkinders.

**Prof. A.H. Jarrett (83)**, vanaf 1969 tot 1989 professor in sterrekunde aan die UV en ook direkteur van Boyden Sterrewag, is in Januarie aan die Natalse Suidkus oorlede. Hy was aktief betrokke by die studie van wisselsterre, veral delta-scuti-sterre en sonwaarnemings. Nuwe optika is in 1969 onder sy leiding op Boyden se 1,5-m-teleskoop aangebring.

**Mnr. Faan du Toit (55)**, wat in die 1970's in Huis Christiaan de Wet was, is in Oktober na 'n kort siekte oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou, Erna, drie kinders en twee kleinkinders.

**Mnr. Wernich Pienaar** is in November 2006 oorlede. Hy was vanaf 1971 in Huis Malherbe en was werksaam by Musgrave en later personeelbestuurder by Krygkor. Hy en sy gesin het ook 'n gastehuis bedryf. Hy laat sy vrou, Eriuka, en drie kinders agter.



Mnr. Wernich Pienaar

**Mev. Marietjie Naudé (48)**, provinsiale direkteur van Bejaardes in Aksie (voorheen die Raad vir Bejaardes), is in 'n ongeluk op pad na Qwaqwa oorlede. Sy laat haar man, prof. Jakkie Naudé, 'n hoogleraar in Afro-Asiatiese tale aan die UV, en twee dogters agter.

**Mnr. James Combrinck (64)**, onderwyser wat in 1970 vir Griekwas in die opspraakwekkende Curriebeker-oorwinning teen Noord-Transvaal in Kimberley haker gespeel, is in Kuruman oorlede. Hy laat sy vrou, Maria, en twee dogters agter.

**Deon Viljoen (21)** is verlede jaar in 'n motorongeluk oorlede. Hy was 'n honneursstudent in sportwetenskap en sy honneursgraad is nadoods aan hom toegeken. Sy suster Jane (17) is in dieselfde ongeluk dood. Hulle word oorleef deur hul ouers, mnr. Dirk en mev. Helen Viljoen van Reitz.

**Mnr. Leo van Zyl (20)**, 'n Argitektuurstudent in sy tweede jaar, is in Februarie op die UV-kampus dood aangetref. Hy laat sy ouers van Centurion agter.

Our condolences go to family and friends of staff members who passed away:

**Ms.D.F. Hlahane (49)** of the Qwaqwa Campus.

**Ms M.M. Ramabodu (51)** of the Qwaqwa Campus.

**Miss M.A. Pulumoetsoeu (39)** of the Qwaqwa Campus.

**Mr M.S. Thokoane (61)**, who worked in Gardening on the Main Campus.

**Mrs B.B. Lupindo (35)** of Human Resources on the Main Campus.

**Mrs E. Motshabi (48)** of Drama and Theatre Arts on the Main Campus.

**Mnr. Jan Hendrik Hugo (82)**, geoktrooierde rekenmeester van Bethal is in Centurion oorlede.

**Mnr. Jacobus (Jumbo) de Villiers (47)** van Grey-kollege (primêr) is aan 'n hartaanval oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou, Alna, en vier kinders.



## Khayalami Residence celebrates ten years

**K**hayalami residence celebrated its tenth year of existence. Prof. Frederick Fourie, Rector and vice-chancellor of the UFS, told the guests that the celebration thereof reminds of the historic establishment of the university – to cater for the children whose families could not afford to send children to other provinces. Similarly, most poor black families had their children enrolled for higher education in the UFS ten years ago. The guest speaker was Ms Winkie Direko, former Chancellor of the UFS, who encouraged the guests to be united in diversity, as suggested by the motto of the residence. She encouraged the guests to be the best and show their strengths in their careers.



At the celebrations were, from the left: Mr Titus Legodi, Ms Winkie Direko, Mr Vincent Khetha and Mr Mogale Wa-ga-Mphalele.

### Teken solank aan / Dates to diarise

Corporate sponsor day - 28 April 2007  
 'Warm-away with a smile' - 1 June 2007  
 2007 Culture National Serenade - 2 August 2007  
 Welkom reunion - 4 August 2007  
 Potschefstroom reunion (Intervarsity) - 4 August 2007

#### Gholfdag vir 2007:

- Welkom - 13 April 2007
- Bloemfontein - 3 November 2007

#### Business Breakfasts for 2007

- Johannesburg BB - 19 September 2007
- Pretoria BB - 20 September 2007

## Baie wag op plek in koshuise



Van die mense wat 'n besoek aan van die koshuise op die Hoofkampus in Bloemfontein gebring het, is van links: mev. Lillian Tshelo, Verblyfdienste, mnr. Willie Mostert, Adjunkdirekteur: Verblyfdienste, mnr. Billyboy Ramahlele, Direkteur: Diversiteit, en mnr. Archie Buys, bestuurder van Huis Abraham Fischer.

**K**oshuisinwoning is so gewild by Kowsies dat die UV met 'n waglys van meer as 2000 name sit van voornemende studente wat graag in die koshuise geakkommodeer wil word, sê mnr. Willie Mostert, Adjunkdirekteur: Verblyfdienste.

Die UV het twintig koshuise op die Hoofkampus in Bloemfontein, waarvan drie senior koshuise is. Huis Abraham Fischer word privaat bedryf. Op die Qwaqwa-kampus het die UV agt koshuise, waarvan vyf op die kampus is en drie in die naburige woonbuurt.

Daar is plek vir 3 592 studente in die koshuise op die hoofkampus, en op die Qwaqwa-kampus kan 1 012 studente geakkommodeer word.

Vir eerstejaarstudente is daar nie akademiese vereistes nie, maar vir herplasing word na studente se akademiese prestasies gekyk.

Van die interessante statistieke wat mnr. Mostert aanhaal, is dat 38 000 m<sup>2</sup> daaglik aan gange, kombuise, badkamers en gezellies skoongemaak moet word. Die studente op die Hoofkampus gebruik sowat 128 000 toiletrolle per jaar en die op Qwaqwa 34 000 rolle. Dit is sowat 9 000 km aan toilet papier.

### Gholfdag in welkom gehou

**D**is weer tyd vir die Kowsie Alumni se jaarlikse gholfdag in Welkom. Die gholfdag word vanjaar op Vrydag 13 April by die Oppenheimerpark-gholflklub gehou. Die kompetisie vir die dag is 'n vierbalalliansie met 'n "scramble dryf" en die inskrywingsfooie van R100 per persoon sluit verversings en aandete in. Daar kan van 11:30 afgeslaan word.

Besprekings kan by Annanda Calitz by: 051 401 3382 of alumni@mail.uovs.ac.za gedoen word.

# Sink, sandsteen en ou Tat



**D**aar was mos die ou storie van ou Mike Schutte (vir die jonger Kowsies se onthalwe: Mike was 'n oorbeklemtoonde swaargewigbokser wat later 'n stoeier geword het) wat met Kersfees sy geskenk oopgeskeur het en toe hy sien dis 'n boek, teleurgesteld gekla het: “Maar ek het al 'n boek!”

Nou ja, al het jy reeds 'n boek, stel ek voor jy skaf onmiddellik vir jou die UV se Eeufesbundel *Van Sink tot Sandsteen tot Graniet* aan.

Die wag vir dié pragtige boek was deur en deur die moeite werd. Of jy nog jonk of oud is, dié toer “down memory lane” gaan jou dae of selfs weke besig hou (afhangend van jou leesspoed). En as jy soos Mike baie sukkel met die lees, is dié boek van 512 bladsye nog steeds pragtig om net deur te blaai of om op jou koffietafel te sit, sodat die kuirmense kan sien dat jy in jou lewe verder as standard ses gevorder het.

Behalwe dat dit 'n baie goeie naslaanwerk is as jy wil sien hoe al die ouens nog met hulle hare gelyk het, is die boek vol kostelike staaltjies. Ek sien ek word gelys by die ouens met wie onderhoude gevoer is, maar ek kan net onthou dat ek en Dik Daan en Paal en nog 'n paar ouens een middag in die ou Pretoria saam met prof. Leo-hulle om 'n groot ronde tafel lekker gekuier het en dat daar baie stories was. 'n Vrek lekker onderhoud, dis al wat ek kan onthou!

In elk geval, ek slaan die boek oop op bladsy 270 en sien daar 'n baie raak beskrywing van prof. Herman Strauss waar hy beskryf word as 'n “hoflike, ouwêreldse heer, altyd formeel en netjies geklee, met sy kenmerkende hoed wat hy altyd gelig het as hy iemand groet”.

Sal ek dit ooit vergeet! In my dae in Reitz het die ouens saans daar in die LO-saal karate geoef en dan bloedstollend geskree saam met hulle passies. Ja, en daai aand kom ek van die telefone af en sien 'n skadu van iemand wat om die draai in aantog is. Spring ek met 'n bloedstollende “Hieeee-haaa!” en 'n paar karatekappe om die hoek, net om 'n versteende prof. Strauss voor my te sien. Hy herstel egter merkwaardig, lig sy hoed en sê: “Goeienaand die heer Theron, voorwaar 'n vreemde manier van groet!” Ja nee, selfs in daardie oomblik van leeskrik nog steeds die perfekte heer! (die proffie, nie ek nie).

'n Ander trippie “down memory lane” wat vir my kosbaar was, was nou die aand se afskeid van ou Tat Botha daar by Shimla Park. 'n Jaar gelede het ek ook oor ou Tat geskryf maar toe het dit met hom glad nie goed gegaan nie. Nou was dit die ou Tat wat daar was met kostelike stories oor die dae wat was en is ek dankbaar om te sê, net so stout soos altyd!

Behalwe vir die honderde koshuisspelers, Shimlas en Irawas wat hy afgerig het, was daar ook die 39 Springbokke wat as onder 21 spelers hulle spore onder hom verdien het.

Ek wil vertel van een van hulle, Gurthro Steenkamp, met wie ek nou een oggend 'n ontbytjie gaan eet het. Gurthro sê vir een man dankie vir sy groen en goue trui en dis Oom Tat wat vir dié Bolandse seun in Bloemfontein 'n tweede pa geword het. 'n Rugby-pa wat vir hom kouse en 'n sakgeldjie gegee het, as hy sien die mannetjie kry swaar – die verhaal van so baie spelers gedurende die meer as 26 jaar wat Tat Kowsies se Meneer Rugby was. Dankie ou Tattie!

Sy metodes en raad as afrigter was, soos Tat, sonder fieterjasies. Voor 'n intervarsity teen die Puk was sy raad in die kleedkamer: “Manne julle skiet nie nou kopskote vir Kowisco nie, gaan vir die pens dat die derms en die lewer lekker kan meng!”

*Blou Willem*

# Donateurs

## Goue donateurs

- |   |   |  |
|---|---|--|
| 1044. Dr Ian Nell, Predikant, Durbanville                     | 1054. Mnr Gawie Maree, Verkoopsbestuurder, Bloemfontein       | 1067. Mnr André Venter, Prokureur, Bloemfontein                |
| 1045. Mnr Mornay Symington, Bellville                         | 1055. Mnr P.G. Claassens, Ouditeur, Hatfield                  | 1068. Mnr Marius Van Jaarsveld, Verteenwoordiger, Bloemfontein |
| 1046. Mnr Cadle Odendaal, Verbandmakelaar, Kaapstad           | 1056. Mnr Gerhard Lourens, Sakeman, Benmore                   | 1069. Mnr C.J. Swanepoel, Sakeman, Bloemfontein                |
| 1047. Mnr Andries Koch, Bourekenaar, Tygervallei              | 1058. Mnr Francois Marais, Direkteur, Bloemfontein            | 1070. Mnr Sybrand Strauss, Eiendomskonsultant, Roodepoort      |
| 1048. Mnr Vlerke Venter, Stellenbosch                         | 1059. Mnr Pieter van der Spuy, Onderwyser, Amanzimtoti        | 1071. Mnr Christie Hansen, Radio-omroeper, Bloemfontein        |
| 1049. Mnr David Gray, Pensionaris, Westville                  | 1060. Mnr Michael Claassens, Rugbyspeler, Kroonstad           | 1072. Mnr Inus Fourie, Verkoopsman, Virginia                   |
| 1050. Dr Eberet Kleynhans, Mediese dokter, Bethlehem          | 1061. Mnr Conrad Barnard, Rugbyspeler, Bloemfontein           | 1073. Dr Abraham Brink, Direkteur, Pretoria                    |
| 1051. Mnr Neels Volschenk, Prokureur, Cowies Hill             | 1064. Mnr Kobus Visser, Sakeman, Bloemfontein                 | 1074. Mnr Marietha Botes, Gesondheidskeunome: Analis, Pretoria |
| 1052. Mnr Dalmain Strydom, Sakeman, Pietermaritzburg          | 1065. Mnr Herman Wessels, Verhoudingsbestuurder, Bloemfontein | 1075. Mnr A.P. Bosch, Prokureur, Bloemfontein                  |
| 1053. Adv Koenraad Pieterse, Snr Staatsadvokaat, Bloemfontein | 1066. Mnr Flip Venter, Boer, Reddersburg                      |  |

## Prestige-donateurs

- |  |  |   |
|--|--|---|
| 673. Dr Hannelie du Preez, Spesialis-narkotiseur, Rant en Dal            | 2067. Mnr Boelie van der Westhuysen, Algemene Bestuurder, Pinetown   | 2082. Dr Natie Wessels, Kinderarts, Bethlehem                       |
| 797. Dr Ian Duursema, Dermatoloog, Rant en Dal                           | 2068. Mnr Duncan Pentz, Handelaar, Bloemfontein                      | 2083. Dr Francois van der Watt, Chirurg, Bloemfontein               |
| 1157. Mnr Wynand Wagener, Besturende Direkteur, Linden                   | 2069. Mnr Pokkels Oosthuizen, Sakeman, Bloemfontein                  | 2088. Mnr Nico Van Zyl, Rekenmeester, Bloemfontein                  |
| 2054. Mnr Pieter Malan, Argitek, Vlaeberg                                | 2070. Mnr Herman Labuschagne, Bestuurder, Middelburg                 | 2089. Mnr André van Zyl, Voorraadbeheerder, Lyttleton-Suid          |
| 2055. Mnr Franz Holm, Direkteur, Tygervallei                             | 2071. Mnr Johan Stander, Tegnieise Bemakingsbestuurder, Proteavallei | 2090. Mnr Ryno van Rooyen, Makelaar, Centurion                      |
| 2056. Mnr Wilhelm van Noordwyk, Geoktrooieerde Rekenmeester, Durbanville | 2072. Mnr Len Vorster, Prokureur, Paardekraal                        | 2091. Dr Nico Swart, Chirurg, Krugersdorp                           |
| 2057. Mnr Willie Viljoen, Bankwese, Bellville                            | 2073. Dr Leon van Schalkwyk, Mediese dokter, Pietermaritzburg        | 2092. Dr Jan Roodt, Wetenskaplike, Lynnwoodrif                      |
| 2058. Mnr Harold Verster, Direkteur, Tygervallei                         | 2074. Dr Lorraine Strydom, Mediese dokter, Turffontein               | 2093. Mnr André Rabe, Arbeidskonsultant, Highveld                   |
| 2059. Mnr D.C. Odendaal, Verteenwoordiger, Oude Westhof                  | 2075. Mnr Stephan Weyers, Argitek, Welgemoed                         | 2094. Me Innemari Myburgh, Materiaalbestuurder, Rosslyn             |
| 2060. Mnr Riaan Aucamp, Staatsamptenaar, Sunningdale                     | 2076. Dr Jean du Plessis, Mediese dokter, Houghton                   | 2095. Mnr Hennie Janse van Rensburg, Bemakingsbestuurder, Pretoria  |
| 2061. Mnr Leon de Bruin, Bestuurskonsultant, Lynnwoodrif                 | 2077. Mnr Marius Vorster, Rekenmeester, Bultfontein                  | 2096. Mnr Gawie Hoffman, Prokureur, Bloemfontein                    |
| 2062. Mnr Johan Botha, Prokureur, Mellville                              | 2078. Mnr Gratitude Nkungwana, Skakelbeampte, Beaufortwes            | 2097. Mnr Pieter Groenewald, Besturende Direkteur, Elarduspark      |
| 2063. Mnr Ian Barr, Handelaar, Bloemfontein                              | 2079. Mnr Stanley Sansom, Rekenmeester, Bloemfontein                 | 2098. Mnr Etienne Erasmus, Direkteur, Stellenbosch                  |
| 2064. Dr Japie van Blerk, Geohidroloog, Wierdapark                       | 2080. Mnr Harold Verster, Besturende Direkteur: VRU, Bloemfontein    | 2099. Mnr Gideon Du Randt-Smit, Sakeman, Pretoria                   |
| 2065. Mnr Marius Jacobs, Makelaar, Bloemfontein                          | 2081. Mnr Johann Swanepoel, Gevorderde aanklaer, Bloemfontein        | 2100. Mnr Willie du Plessis, Mediese Verteenwoordiger, Bloemfontein |
| 2066. Mnr Mike Kritzinger, Operasionele Bestuurder, Athlone              |  | 2101. Dr Wynand Troskie, Farrarmere                                 |

## Platinum-donateurs

- |   |  |  |
|---|--|--|
| 257. Mnr Arno Marais, Bemakingsdirekteur, Tygervallei         | 261. Mnr Leon Smith, Sakeman, Helderkruin                    | 266. Mnr Louis Ferreira, Sielkundige, Pretoria |
| 258. Mnr Erad de Lange, Bestuurder, Paarl                     | 262. Prof Teuns Verschoor, UV Vise-rektor, Bloemfontein      |  |
| 259. Mnr Duvies Duvenhage, Menslikehulpbronbestuurder, Mobeni | 263. Mnr Danie de Villiers, Finansiële Bestuurder, Dowerglen |  |
| 260. Dr Kees de Hoog, Internis, Krugersdorp                   |  |  |

## Diamant-donateurs

63. Dr Susan Vosloo, Chirurg, Kaapstad



E-mail reply: [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)

Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

# 1904

## Universiteit van die Vrystaat

## University of the Free State

